Riglyne vir die bestuur van *Liriomyza huidobrensis* (ertjieblaarmyner)

Die Sandveld Aartappelwerkgroep en produsente het op 25 Mei 2000 vergader om planne te beraam om die nuwe blaarmyner (ertjieblaarmyner) hok te slaan. 'n Werkswinkel is onder leiding van dr Pierre Nortjé gehou. *Chips* publiseer hierdie riglyne vir die beheer van blaarmynerprobleme. Indien die program gevolg wil word, moet u dit van die begin af, voor daar met ander middels gespuit is, volg. Volgens die chemiese firma Novartis word 'n soortgelyke program in die Noordelike Provinsie met sukses op tamaties teen die Amerikaanse blaarmyner en in die buiteland op aartappels teen die nuwe blaarmyner gebruik.

Sodra die eerste punkture (voedingswond) op aartappelblare voorkom, moet daar dadelik met 'n spuitprogram begin word. Die volgende program is by die werkswinkel deur dr Johan Brits van Novartis voorgestel. (Die produkte is nie op aartappels in Suid-Afrika geregistreer nie, maar wel op tamaties en op aartappels in die buiteland).

- Wanneer die eerste voedingswonde op blare sigbaar is, spuit aanplanting met abamectin bv. 600 ml Agrimec per ha – hoë dosis.
- Dien sewe tot 14 dae later 'n opvolgbespuiting van 600 ml Agrimec per ha toe.

Daar word aanbeveel dat Agrimec met minerale-olies soos Critex gemeng word (±half liter olie per hektaar). Op dié wyse word die insekdoder beter opgeneem. Die olie en insekmiddel moet gemeng word vóórdat dit in die spuittenk gegooi word. Dit is uiters belangrik dat olies korrek bygevoeg word vir die effektiewe werking van abamectin.

Ultra-violet lig breek hierdie produk af. Spuit dit dus vroegoggend of laat aand. Omdat die spuitstof translaminêr sistemies is, het dit tyd nodig om opgeneem te word voor die volgende besproeiing.

Indien nuwe punkture waarneem word na die tweede abamectin toediening:

- Spuit aanplanting met cyromazine bv. 300 g Patron per ha – hoë dosis
- Volg binne sewe dae na eerste bespuiting op met 'n tweede cyromazine bespuiting. Dié middel is ten volle sistemies.

Kenmerkende skadesimptome rondom die middel van die blaar.

Blaargroei sterf as gevolg van blaarmynerskade.

Patron is 'n groeireguleerder, maar het ook 'n trans-ovirale effek wat verhoed dat die vliegies eiers lê.

Dosisse

Agtrimec 450 ml/ha – lae dosis Patron 200 g/ha – lae dosis

Agrimec 600 ml/ha – hoë dosis Patron 300 g/ha – hoë dosis

1. Indien u 'n kousbalkspuit gebruik, moet by die aanbevole dosis en hoeveelheid water gehou word.
2. Meng die spuitmiddel met mine-

raalolie vóór dit in die spuittenk geplaas word.

3. Die program soos voorgestel (2 abamectin gevolg deur 2 cyromazine) is voorkomend en moet voor blom toegedien word. Wanneer die program voltooi is, moet dit met kontakmiddels (bv bifenthrin – Afugan, Talstar, ens.) gemeng, opgevolg word.

4. Spuit met tussenposes van sewe dae of soos monitering aandui.

5. Gebruik sagte luis- en aartappelmotmiddels in so 'n program om seker te maak dat natuurlike vyande van insekplae so min moontlik benadeel word.

6. Die genoemde insekdoders, en verskeie ander, is ingedien vir voorlopige registrasie op die blaarmyner.

LET WEL: 'n Plantvrye periode kan die bestuur en ander probleme vergemaklik. 'n Voorgestelde plantvrye periode is van middel Desember tot middel Februarie.